HOPEFIELD – Te midde van die nasionale inperking en die gevolge van die Covid-19-pandemie het 'n skenker van Bellville en 'n sakeonderneming in Hopefield besluit om 'n positiewe inisiatief van stapel te stuur om minderbevoorregte mense te help en Suid-Afrikaners die geleentheid te gee om deel van iets positief te wees.

Die skenker en eienaar van 'n plaas in Hopefield, Burger van den Berg, en die eienaars van die Plaasmol-padstal, 'n bekende toeristeaantreklikheid wat op die plaas geleë is, het kragte saamgesnoer met Italoven om die grootste pizza-oond in die wêreld te bou. Die plan is om die oond se deursnit sowat 3,4 meter te maak.

Hierdie inisiatief sal 'n Guinness-wêreldrekordpoging wees met die doel om dit ten bate van liefdadigheid te doen. Die openbare en sakesektore kan deel word van die rekord deur 'n baksteen vir liefdadigheid te borg. In ruil daarvoor sal hul name op 'n metaalbaksteentjie verskyn wat langs die oond sal staan om hul deelname te verewig.

Sedert dié unieke padstal sy deure in 2011 geopen het, het dit 'n baken aan die Weskus geword. Die kleurryke padstal het baie aktiwiteite vir die hele gesin. Die padstal spog met 'n restaurant, varsprodukte, 'n kwekery, 'n verskeidenheid van mak diere en 'n kroeg. Plaasmol bevorder ook 'n gesonde en organiese leefstyl en is passievol oor die omgewing en die plaaslike gemeenskap.

Die Plaasmol spog al klaar met die grootste stoel in Afrika, die oorspronklike Ratanga Junction vliegtuig (DC3 wat in Normandië gevlieg het) en 'n reusewindturbine- lem wat jou asem sal wegslaan.

Die geld van die baksteenverkope sal geskenk word aan Siyabonga Care Village, Mfesane en Hopefarm, almal liefdadigheidsorganisasies in die Weskus wat omsien na mense met gestremdhede, asook aan 'n klein seuntjie, Hakim Swartz, wat serebraal gestremd gelaat is nadat hy amper verdrink het.